2⅞ Per Cent Local Registered Stock, 1956.

2¾ Per Cent Local Registered Stock, 1958/63.

✻ No. 2343.] [25 November 1955.

3 PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 1957/64 (WAR BOND).

Certificates Nos. 412 and 3130, for £5 each, issued in favour of Mrs. H. P. M. Smith-Houghton.

Application having been made to the Treasury for duplicates of the above-mentioned certificates of stock, the originals having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the originals be produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice, duplicates as applied for, will be issued.

DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✻ No. 2319.] [25 November 1955.

It is hereby notified that Don Juan Gómez de Molina y Elio, Marqués de Fontana, was received by His Excellency the Governor-General at Government House, Pretoria, at 11 a.m. on the 9th November, 1955, on which occasion he presented his Letter of Credence as Envoy Extraordinary and Minister Plenipotentiary of Spain.

✻ No. 2338.] [25 November 1955.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve on the 25th October, 1955, of the grant of recognition to Dr. Guido Maffioli as Vice-Consul (Trade) of Italy in Johannesburg with effect from 5th September, 1955.

✻ No. 2341.] [25 November 1955.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 Desember 1955 tot en met 1 Januarie 1956 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 1 Januarie 1956, aan die effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3½ Persent, 1963/66.

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3½ Persent, 1954/59.

„Cape of Good Hope Colonial (Perpetual)"-effekte van 4½ Persent.

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3 Persent, 1951/56.

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3 Persent, 1957/62.

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 2⅞ Persent, 1956.

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 2¾ Persent, 1958/63.

✻ No. 2343.] [25 November 1955.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE EFFEKTE VAN 3 PERSENT, 1957/64 (OORLOGSUITGIFTE).

Sertifikate Nos. 412 en 3130, vir £5 elk, ten gunste van mev. H. P. M. Smith-Houghton.

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om duplikate van bovermelde effektesertifikate wat verloor of verlê is, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikate uitgereik sal word.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

✻ No. 2319.] [25 November 1955.

Hierby word bekendgemaak dat Don Juan Gómez de Molina y Elio, Marqués de Fontana, om 11 vm. op 9 November 1955 aan die Goewerneurswoning, Pretoria, deur Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister van Spanje oorhandig het.

✻ No. 2338.] [25 November 1955.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om op 25 Oktober 1955 sy goedkeuring te heg aan die erkenning, met ingang van 5 September 1955, van dr. Guido Maffioli as Vise-konsul (Handel) van Italië in Johannesburg.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

✱ No. 2320.] [25 November 1955.

SOUTH AFRICAN TOURIST CORPORATION ACT, 1947 (ACT No. 54 OF 1947), AS AMENDED.

AMENDMENTS TO STAFF REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Transport has in terms of sections *fifteen* and *sixteen* of the South African Tourist Corporation Act, 1947, (Act No. 54 of 1947), as amended, made the following regulations with effect from 1st December, 1955:—

The regulations published under Government Notice No. 3211 of 29th December, 1950, are hereby amended—

(*a*) by the deletion in the definition of "employee" in regulation 1 of all the words after the word "Act" where it occurs for the first time; and

(*b*) by the substitution for regulation 16 of the following new regulation:—

"16. (1) Every employee shall become a member of the pension scheme established by the Board and shall contribute to the scheme in accordance with its rules published under Government Notice No. 2083 of 17th August, 1951.

(2) For the purpose solely of calculating the contributions to be made by an employee in terms of paragraph 2 and sub-paragraph 2 (*a*) of paragraph 4 of the said rules, that employee's salary shall be deemed to have been increased by twenty-five *per centum*."

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

✱ No. 2320.] [25 November 1955.

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE TOERISTE-KORPORASIE, 1947 (WET No. 54 VAN 1947), SOOS GEWYSIG.

WYSIGING VAN PERSONEELREGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Minister van Vervoer behaag het om, kragtens artikels *vyftien* en *sestien* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie, 1947 (Wet No. 54 van 1947), soos gewysig, die volgende regulasies te maak met ingang van 1 Desember 1955:—

Die regulasies, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 3211 van 29 Desember 1950, word hierby gewysig—

(*a*) deur al die woorde na die woord „Wet" waar dit die eerste keer voorkom in die woordbepaling van „werknemer" in regulasie 1 te skrap; en

(*b*) deur regulasie 16 deur die volgende nuwe regulasie te vervang:—

„16. (1) Elke werknemer moet 'n lid word van die pensioenskema wat deur die Raad ingestel is en moet tot die fonds bydra ooreenkomstig die reëls daarvan soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 2083 van 17 Augustus 1951.

(2) Slegs vir doeleindes van berekening van die bydraes wat deur 'n werknemer kragtens paragraaf 2 en subparagraaf 2 (*a*) van paragraaf 4 van genoemde reëls bygedra moet word, moet beskou word dat die werknemer se salaris met vyf-en-twintig persent vermeerder is".

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

✱ No. 2305.] [25 November 1955.

His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *forty-one* of Act No. 22 of 1916, as amended by Act No. 36 of 1939, Act No. 49 of 1949 and Act No. 49 of 1955, to appoint the following gentlemen as members of the respective Harbour Advisory Boards for a period of one year with effect from the 1st October, 1955:—

TABLE BAY.

Nominated by Chamber of Commerce.
Mr. Walter Fowkes.

Nominated by Chamber of Industries.
Mr. Bennet Edward Randall.

Nominated by Trade Unions.
Mr. Alfred Milne.

Nominated by Municipal Council.
Mr. Pieter Johannes Wolmarans.

Nominated by Afrikaanse Sakekamers.
Dr. Georg Heinrich Hansmann.

WALVIS BAY.

Nominated by the Swakopmund-Walvis Bay Chamber of Commerce.
Mr. Wilhelm Brock.
Mr. Theodor Franz Ludwig Woker.

Nominated by Trade Unions.
Mr. Joseph Clifford Burke.

Nominated by Municipal Council.
Mr. Harry St. John Reid.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

✱ No. 2305.] [25 November 1955.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om die volgende here ingevolge artikel *een-en-veertig* van Wet No. 22 van 1916, soos gewysig by Wet No. 36 van 1939, Wet No. 49 van 1949 en Wet No. 49 van 1955, met ingang 1 Oktober 1955 vir 'n tydperk van een jaar as lede van die onderskeie adviserende hawerade aan te stel:—

TAFELBAAI.

Deur die Kamer van Koophandel benoem.
Mnr. Walter Fowkes.

Deur die Kamer van Nywerhede benoem.
Mnr. Bennet Edward Randall.

Deur Vakverenigings benoem.
Mnr. Alfred Milne.

Deur die Stadsraad benoem.
Mnr. Pieter Johannes Wolmarans.

Deur Afrikaanse Sakekamers benoem.
Dr. Georg Heinrich Hansmann.

WALVISBAAI.

Deur die Kamer van Koophandel van Swakopmund en Walvisbaai benoem.
Mnr. Wilhelm Brock.
Mnr. Theodor Franz Ludwig Woker.

Deur Vakverenigings benoem.
Mnr. Joseph Clifford Burke.

Deur die Stadsraad benoem.
Mnr. Harry St. John Reid.

DURBAN.

Nominated by Chamber of Commerce.
Mr. Douglas Rowland Tilley.
Nominated by Chamber of Industries.
Mr. Bernard Charles Wade.
Nominated by Trade Unions.
Mr. John Charles Butler.
Nominated by Municipal Council.
Mr. Elwyn Leighton Black.
Nominated by Afrikaanse Sakekamers.
Mr. Cornelius Johannes Burger.

EAST LONDON.

Nominated by Chamber of Commerce.
Mr. Reginald James Hicks.
Nominated by Chamber of Industries.
Mr. Robert Dalziel Williams.
Nominated by Municipal Council.
Mr. Herbert James McJannet.
Nominated by Trade Unions.
Mr. Herbert Edwin Mahon.

MOSSEL BAY.

Nominated by Chamber of Commerce.
Mr. Edwin Meyer Wassung.
Nominated by Municipal Council.
Mr. Kenneth Richard Andrews.
Nominated by Chamber of Industries.
Mr. William Longden Stuart Franklin.
Nominated by Trade Unions.
Mr. Ronald Swart.

DURBAN.

Deur die Kamer van Koophandel benoem.
Mnr. Douglas Rowland Tilley.
Deur die Kamer van Nywerhede benoem.
Mnr. Bernard Charles Wade.
Deur Vakverenigings benoem.
Mnr. John Charles Butler.
Deur die Stadsraad benoem.
Mnr. Elwyn Leighton Black.
Deur Afrikaanse Sakekamers benoem.
Mnr. Cornelius Johannes Burger.

OOS-LONDEN.

Deur die Kamer van Koophandel benoem.
Mnr. Reginald James Hicks.
Deur die Kamer van Nywerhede benoem.
Mnr. Robert Dalziel Williams.
Deur die Stadsraad benoem.
Mnr. Herbert James McJannet.
Deur Vakverenigings benoem.
Mnr. Herbert Edwin Mahon.

MOSSELBAAI.

Deur die Kamer van Koophandel benoem.
Mnr. Edwin Meyer Wassung.
Deur die Stadsraad benoem.
Mnr. Kenneth Richard Andrews.
Deur die Kamer van Nywerhede benoem.
Mnr. William Longden Stuart Franklin.
Deur Vakverenigings benoem.
Mnr. Ronald Swart.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 2342.] [25 November 1955.

PROHIBITION ON THE ACQUISITION, DISPOSAL OR USE OF CERTAIN FARM FEEDS.

Under the powers vested in me by Proclamation No. 122 of 1952, I, Christoffel Hermanus Neveling, Secretary for Agriculture, do hereby prohibit:—

1. Any person—

(*a*) from selling or supplying any bone product intended or offered for the feeding of domestic animals or livestick, or any stock lick, to anybody outside the Union; or
(*b*) from exporting bones from the Union; or
(*c*) from using, disposing of or acquiring any farm feed for any purpose other than the feeding of domestic animals or livestock;

except on the authority of a permit issued by me or a person designated by me, and subject to the conditions set out in such permit.

2. Applications for permits should be sent to:—

The Secretary for Agriculture,
Agriculture Building,
Private Bag 116,
Pretoria.

3. For the purposes of these regulations the words and expressions used therein shall bear the same meanings as have been assigned to them in the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947), as amended.

4. Government Notice No. 1325 of 13th June, 1952, is hereby repealed.

NOTE.—The effect of this notice is that no permit is required for the acquisition and disposal in the Union of bonemeal used for the feeding of domestic animals and farm livestock or any stock lick and that a permit is only required for the export of bones, bonemeal and stock licks and for the use of any farm feed for any purpose other than the feeding of domestic animals and livestock.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

✱ No. 2342.] [25 November 1955.

VERBOD OP DIE VERKRYGING, VERVREEMDING OF GEBRUIK VAN SEKERE VEEVOEDSEL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie No. 122 van 1952, verbied ek, Christoffel Hermanus Neveling, Sekretaris van Landbou, hierby:—

1. Enigiemand om—

(*a*) enige beenproduk wat bedoel is of aangebied word om huisdiere of lewende hawe te voer, of enige veelek, aan iemand buite die Unie te verkoop of te verskaf;
(*b*) bene uit die Unie uit te voer; of
(*c*) enige veevoedsel te gebruik of te vervreem of te verkry vir enige ander doel as vir die voer van huisdiere of lewende hawe;

uitgesonderd op gesag van 'n permit uitgereik deur my of deur 'n persoon deur my aangewys, en onderworpe aan die voorwaardes in sodanige permit uiteengesit.

2. Aansoeke om permitte moet gerig word aan:—

Die Sekretaris van Landbou,
Landbougebou,
Privaatsak 116,
Pretoria.

3. By die toepassing van hierdie regulasies het die woorde en uitdrukkings hierin gebesig dieselfde betekenis as wat daaraan geheg word in die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947 (Wet No. 36 van 1947), soos gewysig.

4. Goewermentskennisgewing No. 1325 van 13 Junie 1952 word hierby herroep.

NOTA.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat beenmeel om lewende hawe en huisdiere mee te voer en veelekke nou in die Unie verkoop en verkry kan word sonder permit en dat 'n permit slegs nodig is vir die uitvoer van beenmeel, bene en veelekke en vir die gebruik van enige veevoedsel vir 'n ander doel as vir die voer van huisdiere of lewende hawe.

DEPARTMENT OF INTERIOR.

✱ No. 2321.] [11 November 1955.

IMMIGRANTS' REGULATION ACT, 1913.—OFFICERS AUTHORISED TO SIGN PERMITS.

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has, in terms of sub-section (2) of section *twenty-three* of the Immigrants' Regulation Act, 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, authorised the undermentioned officers to sign temporary permits issuable in terms of sub-section (1) of section *twenty-five* of the Act for the periods opposite their names.

District.	Department.	Name.
Ubombo.....	Justice...	Johan Jacobus van der Watt, for the period 20th May, 1955, to 21st August, 1955.
Durban.....	Justice...	Olaf Silvertsen Gibb, with effect for the 1st June, 1955.
Hay.....	Justice...	Hermanus Johannes Kriel with effect from the 1st June, 1955.
Steynsburg....	Justice...	Andries Gerhardus Liebenberg, with effect from the 1st June, 1955.
Stellenbosch...	Justice...	Johannes Jacobus Pienaar, with effect from the 1st June, 1955.
Postmasburg..	Justice...	Petrus Andries Zacharias Burger, with effect form the 1st June, 1955.
Knysna.....	Justice...	Pieter Benjamin de Jager, with effect from the 17th June, 1955.
Prieska.....	Justice...	Cornelis Andries Grobbelaar, with effect from the 1st July, 1955.
Ventersburg...	Justice...	Jacobus Abraham Ras, with effect from the 1st July, 1955.
Douglas.....	Justice...	Jacobus Marthinus Holtzhausen, with effect from the 1st July, 1955.
Lichtenburg at Coligny	Justice...	Jacob Coernaad van Schalkwyk, with effect from 1st July, 1955.
Mossel Bay...	Justice...	John Clifford Jackson, with effect from the 1st July, 1955.
Rustenburg at Zwartruggens	Justice...	Gilford Whitnall Leach, with effect from the 1st July, 1955.
Pearston.....	Justice...	Jan Benjamin Minnie, with effect from the 1st July, 1955.
Ermelo at Morgenson	Justice...	Willem Johannes Pienaar, with effect from the 1st July, 1955.
Stellenbosch...	Justice...	Ronald Campbell Stewart, with effect from the 1st July, 1955.
Simonstown...	Justice...	Claude Hamilton Cloete, with effect from the 1st July, 1955.
Malmesbury..	Justice...	Nicolas Andrea Genis, with effect from the 1st July, 1955.
Britstown.....	Justice...	Cyril Martin Muller, with effect from the 1st July, 1955.
Rustenburg at Swartruggens	Justice...	Gilford Whitnall Leach, with effect from the 4th July, 1955.
Waterberg....	Justice...	Jacob Albertus Coetzee, for the period 4th July, 1955, to 30th July, 1955.
Pinetown.....	Justice...	Thomas Ludwich Marx, for the period 23rd July, 1955, to 22nd October, 1955.
Barkly West...	Justice...	Jacob Frederik Karel Kretzen, with effect from the 1st August, 1955.
Caledon at Hermanus	Justice...	William Thomas Craven, with effect from the 1st August, 1955.
Umzinto.....	Justice...	Colin Francis Kilpin Elliott, with effect from the 1st August, 1955.
Maclear.....	Justice...	Coligny Desiderius Pienaar, with effect from the 1st August, 1955.
Wakkerstroom	Justice...	Jan Hendrik de Wet, with effect from the 1st August, 1955.
Heidelberg at Balfour	Justice...	Bernard Ernest Oscroft, with effect from the 1st August, 1955.
Mafeking.....	Justice...	Stefanus van der Walt, with effect from the 1st August, 1955.
Estcourt at Colenso	Justice...	Percy Richard Rice, with effect from the 1st August, 1955.
George.....	Justice...	Jacobus Johannes Visser, with effect from the 1st August, 1955.
Fauresmith at Petrusburg	Justice...	Jacobus Rumarus Verster, with effect from the 1st September, 1955.
Port Shepstone	Justice...	Roland Montaque Westhuyzen Hawes, with effect from the 1st September, 1955.
Stanger.....	Justice...	Charles Edgar Russel, with effect from the 1st September, 1955.
Brandfort.....	Justice...	Samuel Holtzkamp, with effect from the 1st September, 1955.
Umvoti.....	Justice....	Bani Johannes Schmidt, with effect from the 1st September, 1955.
Soutpansberg at Messina	Justice...	Fritz Gerard Rohde, with effect from the 1st September, 1955.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

✱ No. 2321.] [11 November 1955.

WET TOT REGELING VAN IMMIGRATIE, 1913.—AMPTENARE GEMAGTIG OM PERMITTE TE ONDERTEKEN.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake ondervermelde amptenare kragtens subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet tot Regeling van Immigratie, 1913 (No. 22 van 1913), soos gewysig, gemagtig het om tydelike permitte wat ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *vyf-en-twintig* van voormelde Wet uitgereik word, te onderteken vir die tydperk teenoor hulle name vermeld:—

Distrik.	Departement.	Naam.
Ubombo.....	Justisie	Johan Jacobus van der Watt, vir die tydperk 20 Mei 1955 tot 31 Augustus 1955.
Durban.....	Justisie..	Olaf Sivertsen Gibb, met ingang van 1 Junie 1955.
Hay.....	Justisie..	Hermanus Johannes Kriel, met ingang van 1 Junie 1955.
Steynsburg....	Justisie..	Andries Gerhardus Liebenberg, met ingang van 1 Junie 1955.
Stellenbosch...	Justisie..	Johannes Jacobus Pienaar, met ingang van 1 Junie 1955.
Postmasburg..	Justisie..	Petrus Andries Zacharias Burger, met ingang van 1 Junie 1955.
Knysna.....	Justisie..	Pieter Benjamin de Jager, met ingang van 17 Junie 1955.
Prieska.....	Justisie..	Cornelis Andries Grobbelaar, met ingang van 1 Julie 1955.
Ventersburg...	Justisie..	Jacobus Abraham Ras, met ingang van 1 Julie 1955.
Douglas.....	Justisie..	Jacobus Marthinus Holtzhausen, met ingang van 1 Julie 1955.
Lichtenburg te Coligny	Justisie..	Jacob Coenraad van Schalkwyk, met ingang van 1 Julie 1955.
Mosselbaai....	Justisie..	John Clifford Jackson, met ingang van 1 Julie 1955.
Rustenburg te Swatruggens	Justisie..	Gilford Whitnall Leach, met ingang van 1 Julie 1955.
Pearston.....	Justisie..	Jan Benjamin Minnie, met ingang van 1 Julie 1955.
Ermelo te Morgenzon	Justisie..	Willem Johannes Pienaar, met ingang van 1 Julie 1955.
Stellenbosch...	Justisie..	Ronald Campbell Stewart, met ingang van 1 Julie 1955.
Simonstad....	Justisie..	Claude Hamilton Cloete, met ingang van 1 Julie 1955.
Malmesbury..	Justisie..	Nicolas Andrea Genis, met ingang van 1 Julie 1955.
Britstown.....	Justisie..	Cyril Martin Muller, met ingang van 1 Julie 1955.
Rustenburg te Swartruggens	Justisie..	Gilford Whitnall Leach, met ingang van 1 Julie 1955.
Waterberg....	Justisie..	Jacob Albertus Coetzee, vir die tydperk 4 Julie tot 30 Julie 1955.
Pinetown.....	Justisie..	Thomas Ludwich Marx, vir die tydperk 23 Julie 1955 tot 22 Oktober 1955.
Barkly-Wes...	Justisie..	Jacob Frederik Karel Kretzen, met ingang van 1 Augustus 1955.
Caledon te Hermanus	Justisie..	William Thomas Craven, met ingang van 1 Augustus 1955.
Umzinto.....	Justisie..	Colin Francis Kilpin Elliott, met ingang van 1 Augustus 1955.
Maclear.....	Justisie..	Coligny Desiderius Pienaar, met ingang van 1 Augustus 1955.
Wakkerstroom	Justisie..	Jan Hendrik de Wet, met ingang van 1 Augustus 1955.
Heidelberg te Balfour	Justisie..	Bernard Ernest Oscroft, met ingang van 1 Augustus 1955.
Mafeking.....	Justisie..	Stefanus van der Walt, met ingang van 1 Augustus 1955.
Estcourt te Colenso	Justisie..	Percy Richard Rice, met ingang van 1 Augustus 1955.
George.....	Justisie..	Jacobus Johannes Visser, met ingang van 1 Augustus 1955.
Fauresmith te Petrusburg	Justisie..	Jacobus Rumarus Verster, met ingang van 1 September 1955.
Port Shepstone	Justisie..	Roland Montaque Westhuyzen Hawes, met ingang van 1 September 1955.
Stanger.....	Justisie..	Charles Edgar Russel, met ingang van 1 September 1955.
Brandfort.....	Justisie..	Samuel Holtzkamp, met ingang van 1 September 1955.
Umvoti.....	Justisie..	Bani Johannes Schmidt, met ingang van 1 September 1955.
Soutpansberg te Messina	Justisie..	Fritz Gerard Rohde, met ingang van 1 September 1955.

District.	Department.	Name.
Inanda.....	Justice....	Petrus Arnoldus Human, for the period 1st September, 1955, to 1st December, 1955.
Humansdorp..	Justice...	Wynand Johannes Dunn, with effect from the 1st September, 1955.
Lydenburg....	Justice...	Johannes Daniel Jansen, with effect from the 5th September, 1955.
Groblersdal...	Justice...	Frederik Jacobus Johannes Venter, for the period 3rd October, 1955, to 29th October, 1955.

Distrik.	Departement.	Naam.
Inanda.....	Justisie..	Petrus Arnoldus Human, vir die tydperk 1 September 1955 tot 1 Desember 1955.
Humansdorp..	Justisie..	Wynand Johannes Dunn, met ingang van 1 September 1955.
Lydenburg....	Justisie..	Johannes Daniel Jansen, met ingang van 5 September 1955.
Groblersdal...	Justisie..	Frederik Jacobus Johannes Venter, vir die tydperk 3 Oktober 1955 tot 29 Oktober 1955.

* No. 2339.] [17 November 1955.

REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—PUBLIC SERVANTS ASSOCIATION OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the badge of the Public Servants Association of the Union of South Africa as described in Government Notice No. 1215 of the 2nd June, 1955.

* No. 2339.] [17 November 1955.

REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—VERENIGING VAN STAATSAMPTENARE VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake, kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die wapen van die Vereniging van Staatsamptenare van die Unie van Suid-Afrika, soos beskryf in Goewermentskennisgewing No. 1215 van 2 Junie 1955, geregistreer het.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

* No. 2306.] [25 November 1955.

APPOINTMENTS TO COMMISSIONED RANK IN THE UNION DEFENCE FORCES.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, under sub-section (5) of section *twenty-eight* of the South Africa Defence Act, 1912, to appoint to commissioned rank in the Union Defence Forces, with effect from the dates stated, the persons named hereunder, who are posted to the Force and Unit as indicated above their respective names:—

SOUTH AFRICAN PERMANENT FORCE.

SOUTH AFRICAN ARMY.

Technical and Administrative Branch.

As Lieutenant (on probation).—Willem Liebrecht Fick, 26th September, 1955.

South African Military Nursing Service.

As Sister, Grade II (on probation).—(Miss) Patricia Winifred Delport, 12th September, 1955.

As Sister, Grade II (on probation) (Short Service Commission).—(Mrs.) Marizza Holgreaves, 12th September, 1955.

ACTIVE CITIZEN FORCE.

5 *Field Regiment, S.A.A.*

As Second Lieutenants (in order of seniority).—Sergeants Alfonso Albertus Nell and Ignatius Petrus Minne du Preez, 2nd August, 1955.

8 *Veldregiment, S.A.A.*

As Second Lieutenants (in alphabetical order).—Staff Sergeant Gideon Francois Benadé, 29th August, 1955, and Staff Sergeant Jacobus Hercules Viljoen, 12th September, 1955.

1 *Medium Regiment* (*South African Heavy Artillery*), *S.A.A.*

As Second Lieutenant.—Sergeant George Windell Gravett, 15th September, 1955.

7 *Medium Regiment* (3 *Transvaal Scottish*), *S.A.A.*

As Second Lieutenants (in order of seniority).—Sergeant Lewis Love Lotter and Bombardier Victor Toerien, 26th June, 1955.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

* No. 2306.] [25 November 1955.

AANSTELLINGS MET OFFISIERSRANG BY DIE UNIEVERDEDIGINGSMAG.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-twintig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, die die ondergenoemdes met offisiersrang by die Unieverdedigingsmag aan te stel met ingang van die vermelde datums. Die name van die mag en eenheid waarby hulle ingedeel is, verskyn bo hulle name:—

SUID-AFRIKAANSE STAANDE MAG.

SUID-AFRIKAANSE LEËR.

Tegniese en Administratiewe Tak.

Luitenant (op proef).—Willem Liebrecht Fick, 26 September 1955.

Suid-Afrikaanse Militêre Verpleegdiens.

Suster, graad II (op proef).—(Mej.) Patricia Winifred Delport, 12 September 1955.

Suster, graad II (op proef) (kortdiensaanstelling).—(Mev.) Marizza Holgreaves, 12 September 1955.

AKTIEWE BURGERMAG.

5 *Veldregiment, S.A.A.*

Tweede luitenant (in volgorde van ansiëniteit).—Sersante Alfonso Albertus Nell en Ignatius Petrus Minne du Preez, 2 Augustus 1955.

8 *Veldregiment, S.A.A.*

Tweede luitenant (in alfabetiese volgorde).—Stafsersant Gideon Francois Benadé, 29 Augustus 1955 en stafsersant Jacobus Hercules Viljoen, 12 September 1955.

1 *Mediumregiment* (*South African Heavy Artillery*), *S.A.A.*

Tweede luitenant.—Sersant George Windell Gravett, 15 September 1955.

7 *Mediumregimet* (3 *Transvaal Scottish*). *S.A.A.*

Tweede luitenant (in volgorde van ansiënniteit).—Sersant Lewis Love Lotter en bombardier Victor Tourien 26 Julie 1955.

SOUTH AFRICAN NAVY.

As Acting Sub-Lieutenant (on probation).—Able Seaman Kenneth Howard Thompson, 25th May, 1955.
Duke of Edinburgh's Own Rifles.

As Second Lieutenant.—Rifleman Philip Stuart Marx, 29th August, 1955.
General List (Cadet Section).

As Section Lieutenants (in alphabetical order).—Coenraad Frederik Louwrens Petrus Bester, B.A., 21st January, 1951, Marthinus Moolman, B.Comm., 19th July, 1952, and Johannes Marthinus Oosthuizen, B.A., 17th July, 1954.

1 *Field Regiment, S.A.E.C.*

As Quartermaster, with rank of Lieutenant.—Cornelius Johannes du Preez, 28th August, 1955.

1 *Air Support Signals Unit, S.A.C.S.*

As Second Lieutenant.—Sergeant Colin Reginald Christie-Taylor, 12th August, 1955.

56 *Supply and Transport Company, A.S.C.*

As Second Lieutenant.—Acting Warrant Officer, Class II, Edward Martin Whyte, 1st August, 1955.

57 *Supply and Transport Company, A.S.C.*

As Second Lieutenant.—Sergeant Johannes Hermanus Grobler, 17 September, 1955.

1 *Light Field Ambulance, S.A.M.C.*

As Quartermaster, with rank of Lieutenant.—Warrant Officer, Class I, Alan James Steven, 26th August, 1955.

[A.G. (1) 372/2/353.]

✱ No. 2334.] [25 November 1955.

AWARD OF THE EFFICIENCY MEDAL.

His Excellency the Government-General-in-Council has been pleased to approve, in terms of the Regulations published under Government Notice No. 988 of the 21st June, 1940, as amended, of the award of the Efficiency Medal to the undermentioned members and ex-members of the Union Defence Forces:—

Transvaal Scottish.

No. A.4445 Warrant Officer, Class II, Donald McCallum.
Ex-No. 32258 Sergeant Malcolm Jameson Thomson.

Regiment De la Rey.

Ex-No. 4043 Sergeant Johannes Hendrik Jacobus van Zyl.

Regiment Suidwestelike Distrikte.

Major Petrus Benjamin Spies.

South African Engineer Corps.

Major Robert McClelland.
Ex-No. 192151 Lance Corporal Allan Guthrie Strachan.

South African Corps of Signals.

Ex-No. 34626 War Substantive Lieutenant (now Captain) Dorrington Lloyd Maree.

South African Medical Corps.

No. 45035 Sergeant John Hartman.
No. 151662 Corporal Cornelius Frederick Ernest van der Merwe.

South African Air Force.

Lieutenant Denis Thomas Kidson.

✱ No. 2335.] [25 November 1955.

AWARD OF JOHN CHARD MEDAL.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased to approve, in terms of the Regulations published in *Government Gazette* No. 5311 of the 16th July, 1954, as amended, of the award of the John Chard Medal to the undermentioned members of the Union Defence Forces:—

South African Artillery.

Commandant Niel Norman Webster.
Major Reuben Sive.

SUID-AFRIKAANSE VLOOT.

Waarnemende onderluitenant (op proef).—Bevare seeman Kenneth Howard Thompson, 25 Mei 1955.
Duke of Edenburg's Own Rifles.

Tweede luitenant.—Skutter Philip Staurt Marx, 29 Augustus 1955.
Algemene Lys (Afdeling Kadette).

Tweede luitenant (in alfabetiese volgorde).—Coenraad Frederick Louwrens Petrus Bester, B.A., 21 Januarie 1951, Marthinus Moolman, B.Comm., 19 Julie 1952 en Johannes Marthinus Oosthuizen, B.A., 17 Julie 1954.

1 *Veldregiment, S.A.G.*

Kwartiermeester, met die rang van luitenant.—Cornelius Johannes du Preez, 28 Augustus 1955.

1 *Lugsteunseineenheid, S.A.S.K.*

Tweede luitenant.—Sersant Colin Reginald Christie-Taylor, 12 Augustus 1955.

56 *Kommissariaat-en-transportkompanie, A.D.K.*

Tweede luitenant.—Waarnemende adjudant-offisier, klas II, Edward Martin Whyte, 1 Augustus 1955.

57 *Kommissariaat-en-transportkompanie, A.D.K.*

Tweede luitenant.—Sersant Johannes Hermanus Grobler, 17 September 1955.

1 *Ligte Veldambulans, S.A.G.D.*

Kwartiermeester, met die rang van luitenant.—Adjudant-offisier, klas I, Allan James Steven, 26 Augustus 1955.

[A.G. (1) 372/2/353.]

✱ No. 2334.] [25 November 1955.

TOEKENNING VAN DIE MEDALJE VIR BEKWAAMHEID.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 988 van 21 Junie 1940, soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die toekenning van die Medalje vir Bekwaamheid aan ondergenoemde lede en gewese lede van die Unieverdedigingsmag:—

Transvaal Scottish.

No. A.4445 adjudant-offisier, klas II, Donald McCallum.
No. voorheen 32258 sersant Malcolm Jameson Thomson.

Regiment De la Rey.

No. voorheen 4043 sersant Johannes Hendrik Jacobus van Zyl.

Regiment Suidwestelike Distrikte.

Majoor Petrus Benjamin Spies.

Suid-Afrikaanse Genie.

Majoor Robert McClelland.
No. voorheen 192151 onderkorporaal Allan Guthrie Strachan.

Suid-Afrikaanse Seinerskorps.

No. voorheen 34625 luitenant (substantiewe oorlogsrang) (tans kaptein) Dorrington Lloyd Maree.

Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens.

No. 45035 sersant John Hartman.
No. 151662 korporaal Cornelius Frederick Ernest van der Merwe.

Suid-Afrikaanse Lugmag.

Luitenant Denis Thomas Kidson.

✱ No. 2335.] [25 November 1955.

TOEKENNING VAN DIE JOHN CHARD-MEDALJE.

Dit het die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die regulasies gepubliseer in *Staatskoerant* No. 5311 van 16 Julie 1954, soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die toekenning van die John Chard-medalje aan ondergenoemde lede van die Unieverdedigingsmag:—

Suid-Afrikaanse Artillerie.

Kommandant Neil Norman Webster.
Majoor Reuben Sive.

Lieutenant Jan Louis de Villiers.
No. E.22395 Warrant Officer, Class I, Stanley Cecil Lightening.

Regiment Gideon Scheepers.
Captain Lancelot Belgium Larter.

Duke of Edenburgh's Own Rifles.
No. A.9058 Sergeant Walter William Wichham.

Witwatersrand Rifles.
Captain Johan Hendrik Oosthuizen.

South African Medical Corps of Signals.
Lieutenant Petrus Marthinus Fouché.

South African Medical Corps.
No. 299538 Corporal Jacobus Lourens Scheepers.
No. 227808 Corporal Joseph Johannes van der Merwe.
No. 299503 Private Abel Jacobus du Plessis.

DEPARTMENT OF LABOUR.

✻ No. 2297.] [25 November 1955.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

CANVAS GOODS INDUSTRY, WITWATERSRAND AND PRETORIA.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Amending Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Canvas Goods Industry, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28th November, 1957, upon the employers' organisation and trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in the said Amending Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28th November, 1957, upon the other employers and employees engaged or employed in the said Industry in the Magisterial Districts of Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Brakpan (excluding that portion of the Magisterial District of Brakpan transferred from the Magisterial District of Heidelberg by Proclamation No. 149 of 1930), Benoni, Springs, Pretoria (including that portion transferred to the Magisterial District of Groblersdal by Proclamation No. 225 of 1941, but excluding the farm Geelbeksvley No. 345), and Randfontein, excluding the farms Moadowns No. 1, Holfontein No. 17, Leeuwpan No. 18, Ireton No. 19, Pahtiki No. 20, Bospan No. 21, Goudvlakte-Oost No. 37, Rooipoort No. 38, Oog van Wonderfontein No. 39, Elandsfontein No. 46, Doornpoort No. 47 and Rietfontein No. 48; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial Districts of Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Brakpan (excluding that portion of the Magisterial District of Brakpan transferred from the Magisterial District of Heidelberg by Proclamation No. 149 of 1930), Benoni, Springs, Pretoria (including that portion transferred to the Magisterial District of Groblersdal by Proclamation No. 225 of 1941, but excluding the farm Geelsbeksvley No. 345), and Randfontein, excluding the farms Moadowns No. 1, Holfontein No. 17, Leeuwpan No. 18, Ireton No. 19, Pahtiki No. 20, Bospan No. 21, Goudvlakte-Oost No. 37,

Luitenant Jan Louis de Villiers.
No. E.22395 adjudant-offisier, klas I, Stanley Cecil Lightening.

Regiment Gideon Scheepers.
Kaptein Lancelot Belgium Larter.

Duke of Edenburgh's Own Rifles.
No. A.9058 sersant Walter William Wickham.

Witwatersrand Rifles.
Kaptein Johan Hendrik Oosthuizen.

Suid-Afrikaanse Seinerskorps.
Luitenant Petrus Marthinus Fouché.

Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens.
No. 299538 korporaal Jacobus Lourens Scheepers.
No. 227808 korporaal Joseph van der Merwe.
No. 299503 weerman Abel Jacobus du Plessis.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✻ No. 2297.] [25 November 1955.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

SEILWARENYWERHEID, WITWATERSRAND EN PRETORIA.

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Wysigingsooreenkoms wat in die Bylae verskyn en op die Seilwarenywerheid betrekking het, van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat op 28 November 1957 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasie of daardie vereniging is;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in die genoemde Wysigingsooreenkoms van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat op 28 November 1957 eindig, bindend is vir die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in genoemde nywerheid in die magistraatsdistrikte Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Brakpan (met uitsondering van daardie gedeelte van die magistraatsdistrik Brakpan wat by Proklamasie No. 149 van 1930, aan die magistraatsdistrik Heidelberg onttrek is), Benoni, Springs, Pretoria (met inbegrip van daardie gedeelte wat na die magistraatsdistrik Groblersdal by Proklamasie No. 225 van 1941 oorgeplaas is maar met uitsondering van die plaas Geelbeksvley No. 345), en Randfontein, met uitsondering van die plase Moadowns No. 1, Holfontein No. 17, Leeuwpan No. 18, Ireton No. 19, Pahtiki No. 20, Bospan No. 21, Goudvlakte-Oost No. 37, Rooipoort No. 38, Oog van Wonderfontein No. 39, Elandsfontein No. 46, Doornpoort No. 47 en Rietfontein No. 48; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in genoemde Wysigingsooreenkoms van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat op 28 November 1957 eindig, in die magistraatsdistrikte Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Brakpan (met uitsondering van daardie gedeelte van die magistraatsdistrik Brakpan wat by Proklamasie No. 149 van 1930, aan die magistraatsdistrik Heidelberg onttrek is), Benoni, Springs, Pretoria (met inbegrip van daardie gedeelte wat na die magistraatsdistrik Groblersdal by Proklamasie No. 225 van 1941 oorgeplaas is, maar met uitsondering van die plaas Geelbeksvley No.

Rooipoort No. 38, Oog van Wonderfontein No. 39, Elandsfontein No. 46, Doornpoort No. 47 and Rietfontein No. 48, and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28th November, 1957, the provisions contained in the said Amending Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons employed in the said Industry as are not included in the definition of the expression "employee", contained in section *one* of the said Act.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE CANVAS GOODS INDUSTRY (WITWATERSRAND AND PRETORIA).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into by and between the—

Transvaal Canvas Goods Manufacturers' Association

(hereinafter referred to as "the employer" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

South African Canvas and Ropeworkers' Union

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade Union") of the other part;

being the parties to the Industrial Council for the Canvas Goods Industry, Witwatersrand and Pretoria, to amend the agreement published under Government Notice No. 2390, dated 19th November, 1954 (hereinafter referred to as "the Main Agreement") as follows:—

PARAGRAPH 1.

In the definition of "Labourer" in clause 3 of the Main Agreement—

(*a*) by the addition, after the words "tent poles" in item (23) of the words "painting garden furniture";

(*b*) by the deletion in item (24) of the words "provided their positions are previously indicated";

(*c*) by the addition of the following items:—

(41) Teasing flock and coir; filling mattresses and cushions;

(42) winding bobbins;

(43) in the manufacture of waterproof suits—

(i) folding and doubling canvas strips other than by machine;

(ii) sealing seams by attaching strips of canvas previously cut to widths; cutting such strips to predetermined lengths;

(iii) marking outline of re-inforcing patches and facings in predetermined positions;

(iv) solutioning and pressing down canvas strips by hand;

(44) in the manufacture of mine helmets, attaching rubber to canvas by hand in the making of linings;

(45) vulcaniser attendant;

(46) in the manufacture of ice cream containers, securing insulating material and tucking in seams.

PARAGRAPH 2.

By the deletion of the heading of clause 6 "Payment of Wages and Rates" and of sub-clause (1) thereof in the Main Agreement and the substitution therefor of the following:—

"6. PAYMENT OF REMUNERATION.

(1) Wages and cost of living allowances shall subject to the proviso herein be paid in cash weekly on the usual pay day of the establishment, and shall be contained in an envelope or other container showing the employer's and employee's names, the employer's occupation, the number of ordinary and overtime hours worked, the remuneration and cost of living allowance due, the amount and nature of any deductions and the period in respect of which payment is made; provided that if an agreement exists between employer and employee to pay wages and cost of living allowances monthly, they shall be paid on the last working day of the month. In the event of the pay day falling on one of the public holidays referred to in clause 11 of this Agreement, payment shall be made the day before.

Should the employment terminate before the usual pay day of the establishment or before the last working day of the month in the case of a monthly paid employee, the remuneration due shall be paid on termination.

In all cases amounts due shall be payable during the normal working hours of the establishment."

345), en Randfontein, met uitsondering van die plase Moadowns No. 1, Holfontein No. 17, Leeuwpan No. 18, Ireton No. 19, Pahtiki No. 20, Bospan No. 21, Goudvlakte-Oost No. 37, Rooipoort No. 38, Oog van Wonderfontein No. 39, Elandsfontein No. 46, Doornpoort No. 47 en Rietfontein No. 48, *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone in diens in genoemde nywerheid wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer", vervat in artikel *een* van genoemde Wet, ingesluit is nie.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE SEILWARENYWERHEID (WITWATERSRAND EN PRETORIA).

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gesluit en aangegaan tussen die

Transvaal Canvas Goods Manufacturers' Association

(hieronder „die werkgewer" of die „werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

South African Canvas and Ropeworkers' Union

(hieronder „die werknemers" of „die vakvereniging" genoem), aan die ander kant;

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Seilwarenywerheid, Witwatersrand en Pretoria, ten einde die ooreenkoms gepubliseer ingevolge Goewermentskennisgewing No. 2390 van 19 November 1954 (hieronder „die Hoofooreenkoms" genoem), soos volg te wysig:—

PARAGRAAF 1.

In die woordomskrywing van „arbeider" in klousule 3 van die Hoofooreenkoms—

(*a*) deur die byvoeging na die woord „beits" in item (23) van die woorde „tuinmeubels verf";

(*b*) deur die skrapping in item (24) van die woorde „mits die plekke daarvoor eers gemerk is";

(*c*) deur die byvoeging van die volgende items:—

(41) Vlokwol en klapperhaar uitpluis; matrasse en kussings vul;

(42) spoele opwen;

(43) in die vervaardiging van waterdigte pakke—

(i) seilstroke vou en dubbelvou, uitgesonderd met 'n masjien;

(ii) some verseël deur die aanhegtings van seilstroke wat vooraf in wydtes gesny is; sodanige stroke in voorafbepaalde lengtes sny;

(iii) die omtrek van versterkingslappe en belegsels in voorafbepaalde plekke merk;

(iv) seilstroke met rubbergom bestryk en met die hand vasdruk;

(44) in die vervaardiging van mynhelmhoede, rubber vir die maak van voerings met die hand aan seil heg;

(45) vulkaniseerder-bediener;

(46) in die vervaardiging van roomyshouers, isoleringsmateriaal vasmaak en some omslaan.

PARAGRAAF 2.

Deur die skrapping van die opskrif van klousule 6 „Betaling van besoldiging" en van subklousule (1) daarvan in die Hoofooreenkoms en die vervanging daarvan deur die volgende:—

„6. BETALING VAN BESOLDIGING.

(1) Behoudens die voorbehoud hiervan, moet lone en lewenskostetoelaes weekliks op die gewone betaaldag van die inrigting in kontant betaal word en dit moet in 'n koevert of ander houer wees wat die werkgewer en die werknemer se name bevat, asook die werknemer se werk, die getal gewone en oortydure gewerk, die verskuldigde besoldiging en lewenskostetoelae, die bedrag en aard van enige aftrekkings en die tydperk ten opsigte waarvan betaling gedoen word; met dien verstande dat as daar 'n ooreenkoms tussen werkgewer en werknemer bestaan om lone en lewenskostetoelaes maandeliks te betaal, dit op die laaste werkdag van die maand betaal moet word. Ingeval die betaaldag op een van die openbare vakansiedae val wat in klousule 11 van hierdie Ooreenkoms genoem word, moet betaling op die dag vantevore geskied.

Indien die diens voor die gewone betaaldag van die inrigting of voor die laaste werkdag van die maand eindig, moet die verskuldigde besoldiging by beëindiging betaal word.

In alle gevalle is verskuldigde bedrae gedurende die normale werkure van die inrigting betaalbaar."

PARAGRAPH 3.

By the deletion of the last paragraph of clause 4 of the Main Agreement: "A general assistant who is required to perform any of the duties of a machinist shall while thus occupied be paid at the same rate as he was entitled to be remunerated while working as a general assistant."

PARAGRAPH 4.

By the deletion of the following paragraph in sub-clause 11 of clause 21 of the Main Agreement:—

"Provided that if the employee works for a firm outside the municipal area of Johannesburg the words 'the medical officer of the fund', 'the dental officer of the fund' and 'the optician of the fund' shall be deemed to include any doctor, dentist or optician; provided further that if the employee resides outside the municipal area of Johannesburg the words 'the medical officer of the fund' shall be deemed to include any doctor"

and the substitution therefor of the following:—

"Provided that if the employee works for a firm outside the municipal area of Johannesburg the words 'the medical officer of the fund' shall be deemed to include any doctor and that, for the purpose of sub-clause (11) (*a*) (v) of this clause, 'the dental officer of the fund' shall be deemed to include any dentist; provided further that if the employee resides outside the municipal area of Johannesburg the words 'the medical officer of the fund' shall be deemed to include any doctor."

Signed at Johannesburg, on behalf of the parties to the Council, on this 10th day of November, 1954.

G. KEOGAN, *Chairman.*
J. GRAY, *Vice-Chairman.*
W. B. FLOWERS, *Secretary.*

✻ No. 2298.] [25 November 1955.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

INDUSTRIAL COUNCIL AGREEMENT FOR THE CANVAS GOODS INDUSTRY, WITWATERSRAND AND PRETORIA.

The following correction notice to Government Notice No. 2390 appearing in the *Government Gazette Extraordinary* of the 19th November, 1954, is published for general information:—

In the English version insert the word "Goods" after the word "Canvas" in the heading of the schedule.

✻ No. 2299.] [25 November 1955.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF THE MOTOR INDUSTRY SICK BENEFIT FUND AGREEMENT (CAPE).

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, hereby in terms of sub-section (5) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, extend to the 31st March, 1956, the periods referred to in Government Notice No. 965 of the 6th May, 1955.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

✻ No. 2300.] [25 November 1955.

ELECTRICAL WIREMEN AND CONTRACTORS ACT, 1939.

DETERMINATION OF AREAS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Labour proposes to determine, in terms of section *eighteen* of the Electrical Wiremen and Contractors Act, 1939 (Act No. 20 of 1939), after the expiry of twelve months from the date of this notice, the Magisterial District of Lower Tugela as an area in which sections *nineteen* and *twenty* of the above Act shall apply.

PARAGRAAF 3.

Deur die skrapping van die laaste paragraaf van klousule 4 van die Hoofooreenkoms: „Algemene helper van wie vereis word om enigeen van die werksaamhede van 'n masjinis te verrig, moet vir die tyd wat hy aldus werksaam is, betaal word teen die skaal van besoldiging waarop hy geregtig is wanneer hy as 'n algemene helper werk."

PARAGRAAF 4.

Deur die skrapping van die volgende paragraaf in subklousule 11 van klousule 21 van die Hoofooreenkoms:—

„Met dien verstande dat as die werknemer vir 'n firma buite die munisipale gebied Johannesburg werk, die woorde , die mediese beampte van die fonds', , die tandheelkundige beampte van die fonds' en , die oogkundige van die fonds' beskou moet word dat dit enige dokter, tandarts of oogarts omvat; voorts met dien verstande dat as die werknemer buite die munisipale gebied van Johannesburg woon, die woorde , die mediese beampte van die fonds' beskou moet word dat dit enige dokter omvat"

en dit deur die volgende te vervang:—

„Met dien verstande dat as die werknemer vir 'n firma buite die munisipale gebied van Johannesburg werk, die woorde , mediese beampte van die fonds' beskou moet word dat dit enige dokter omvat en dat vir die toepassing van subklousule (11) (*a*) (v) van hierdie klousule , die tandheelkundige beampte van die fonds' beskou moet word dat dit enige tandarts omvat; voorts met dien verstande dat as die werknemer buite die munisipale gebied van Johannesburg woon, die woorde , die mediese beampte van die fonds' beskou moet word dat dit enige dokter omvat."

Namens die partye by die Raad op hede die 10de dag van November 1954, in Johannesburg onderteken.

G. KEOGAN, *Voorsitter.*
J. GRAY, *Ondervoorsitter.*
W. B. FLOWERS, *Sekretaris.*

✻ No. 2298.] [25 November 1955.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

NYWERHEIDSRAADOOREENKOMS VIR DIE SEILWARENYWERHEID, WITWATERSRAND EN PRETORIA.

Die volgende verbeteringskennisgewing van Goewermentskennisgewing No. 2390 wat in die *Buitengewone Staatskoerant* van 19 November 1954 verskyn, word vir algemene inligting gepubliseer:—

In die Engelse teks voeg die woord „Goods" in na die woord „Canvas" in die aanhef van die bylae.

✻ No. 2299.] [25 November 1955.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE SIEKTEBYSTANDFONDSOOREENKOMS VIR DIE MOTORNYWERHEID (KAAP).

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, tot 31 Maart 1956, die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewing No. 965 van 6 Mei 1955.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

✻ No. 2300.] [25 November 1955.

WET OP ELEKTROTEGNIESE DRAADWERKERS EN AANNEMERS, 1939.

VASSTELLING VAN GEBIEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Arbeid van voorneme is om kragtens artikel *agtien* van die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers, 1939 (Wet No. 20 van 1939), die magistraatsdistrik Laer-Tugela na verloop van twaalf maande van die datum van hierdie kennisgewing af, tot 'n gebied te verklaar waarop artikels *negentien* en *twintig* van genoemde Wet toegepas moet word.

✻ No. 2307.] [25 November 1955.

WAGE ACT, 1937.

